# HOOFSTUK 13
# Die Staatsdienskommissie

## Artikel 112 - Instelling

’n Staatsdienskommissie sal ingestel word met die doel om die President te adviseer oor aangeleenthede soos bepaal in Artikel 113 en om daaroor aan die Nasionale Vergadering verslag te doen.

Die Staatsdienskommissie sal onafhanklik en onpartydig optree.

Die Staatsdienskommissie bestaan uit ’n Voorsitter en minstens drie (3) en hoogstens ses (6) ander persone wat deur die President genomineer en deur die Nasionale Vergadering by resolusie aangestel word.

Elke lid van die Staatsdienskommissie is geregtig om vir ’n termyn van vyf (5) jaar op die kommissie te dien, tensy hulle wettiglik ontslaan word voor die verstryking van daardie termyn deur goeie en afdoende redes ingevolge die Grondwet en prosedures wat deur Parlementêre wetgewing voorgeskryf moet word.

Elke lid van die Staatsdienskommissie sal in aanmerking kom vir heraanstelling.

## Artikel 113 - Werksaamhede

Die werksaamhede van die Staatsdienskommissie word deur Parlementêre wetgewing bepaal en moet die bevoegdheid insluit:

(a) om die President en Regering te adviseer oor:

- (aa) die aanstelling van geskikte persone in bepaalde poste in die Staatsdiens, met besondere aandag aan die gebalanseerde strukturering daarvan;
- (bb) die uitoefening van toereikende dissiplinêre kontrole oor persone ten einde ’n regverdige administrasie en personeelbeleid te verseker;
- (cc) die vergoeding en aftreevoordele van enige persoon;
- (dd) alle ander aangeleenthede wat volgens wet betrekking het op die Staatsdiens;

(b) om alle werksaamhede te verrig wat deur Parlementêre wetgewing aan hom toegewys is;

(c) om die President te adviseer oor die identiteit, beskikbaarheid en geskiktheid van persone wat deur die President in poste ingevolge die Grondwet of enige ander wet aangestel moet word.

# HOOFSTUK 14

# Die Veiligheidskommissie

**Artikel 114 - Instelling en Werksaamhede**

(1) Daar sal 'n Veiligheidskommissie wees met die funksie om aanbevelings te doen aan die President ten opsigte van die aanstelling van die hoof van die Weermag, die Inspekteur-Generaal van die Polisie en die Kommissaris van Gevangenisse en enige ander werksaamhede wat deur Parlementêre wetgewing aan hom toegewys kan word.

(2) Die Veiligheidskommissie sal bestaan uit die Voorsitter van die Staatsdienskommissie, die hoof van die Weermag, die Inspekteur-Generaal van Polisie, die Kommissaris van Gevangenisse en twee (2) lede van die Nasionale Vergadering, aangestel deur die President op aanbeveling van die Nasionale Vergadering.

# HOOFSTUK 15

# Die Polisiemag, Weermag en die Gevangenisdiens

**Artikel 115 - Instelling van die Polisiemag**

'n Namibiese Polisiemag met voorgeskrewe bevoegdhede, pligte en prosedures sal deur Parlementêre wetgewing ingestel word ten einde die binnelandse veiligheid van Namibië te verseker en om wet en orde te handhaaf.

**Artikel 116 - Die Inspekteur-Generaal van Polisie**

(1) 'n Inspekteur-Generaal van Polisie sal deur die President ingevolge Artikel 32(4)(c)(bb) aangestel word.

(2) Die Inspekteur-Generaal van Polisie moet voorsiening maak vir 'n gebalanseerde strukturering van die Polisiemag en moet die bevoegdheid hê om geskikte aanstellings in die Polisiemag te doen,